BenguFarm™

ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE

BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS

Nuusbrief 3/2021

7 Oktober 2021

In hierdie Nuusbrief:

- **Nuwe opgradering beskikbaar**
- **Nuwe Mobile toep opgradering beskikbaar**
- **Nuwe Genetics opgradering beskikbaar**
- **Wat is nuut in die nuutste opgradering?**
- **Opleidingskursusse**
- **Nuwe handleidings beskikbaar**
- **Het jy geweet?**
- **Wenke:**
  - **Duplikaat diere**
  - **Windows 7**
  - **Kragtoevoer vir jou skootrekenaar**

Om vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

Nuwe Opgradering – BenguFarm BEEF, SHEEP & GOATS, GAME en PIGS

Daar is die afgelope vyf maande talle nuwe funksies en verslae ontwikkel. Sien Wat is Nuut? hieronder vir meer inligting.

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v7 Okt 2021) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies en verslae in BenguFarm kan gebruik en die meeste waarde uit jou program kan kry.

- **Om jou BenguFarm te opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm**, gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na **Lêer > Opgradeer vanaf Web** en volg die instruksies.
- Indien jou BenguFarm-weergawe nog *vóór* v16 Jul 2018 is (die weergawe datum word bo-aan die BenguFarm hoofskerm vertoon), kontak jou BenguFarm agent vir hulp om die nuwe weergawe te installeer.

Nuwe Opgradering – BenguFarm MOBILE

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v19 Aug 2021) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies kan gebruik.

- Maak eers seker dat jy die nuutste weergawe van die module BEEF/SHEEP & GOATS/GAME geïnstalleer het – sien hierbo.
- **BenguFarm MOBILE vir Android**: Regs bo-aan die BenguFarm Mobile se hoof kieslys, druk op die drie kolletjies en kies Check for Update **OF** gaan op die Android foon / tablet na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates. Laai af en installeer die 19 Aug 2021 weergawe van BenguFarm MOBILE vir Android.
- **BenguFarm MOBILE vir Apple**: 'n Apple selfoon of tablet sal outomaties die nuutste opgradering aflaai en installeer.

Nuwe Opgradering – BenguFarm GENETICS

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v14 Sep 2021) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies kan gebruik.

- Maak eers seker dat jy die nuutste weergawe van die module BEEF/SHEEP & GOATS/GAME geïnstalleer het – sien hierbo.
- **Om jou BenguFarm GENETICS module te opgradeer,** gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates. Laai af en installeer die 14 Sep 2021 weergawe van BenguFarm GENETICS.

Wat is nuut in die nuutste opgradering?

All modules:

- Belangrik: Nuwe verslag Veeverwydering Sertifikaat bygevoeg [Verslae > Aankope, Veilings, Verkope, Vrektes en Uitskotte > Veeverwydering Sertifikaat]
- Belangrik: 'n Verstek groep kategorie (bv. Bestuursgroepe) kan nou opstel word per kudde [Opstellings > Kuddes > Ander > Verstek Groep Kategorie]
- Belangrik: Geboortes verslag:
    - Opsie om op Moeder te sorteer bygevoeg
    - Opsomming bygevoeg van aantal en persentasie kalwers/lammers lewend, aborsies, doodgebore, dood na geboorte, ens. (Wenk: Onthou om die nie-aktiewe filter aan te skakel wanneer jy die verslag skep)
- Belangrik: Koppel Diere aan Groep funksie bygevoeg op die volgende skerms: Aankope; Inteel Berekening vir Beplande Parings; Sinchronisasie; Inentings, Doserings, Dip en Aanvullings; Siektes, Beserings en Behandelings; Siekte Toetse, Verskuif Diere na 'n Ander Kudde; Prosedures; Diere Gesien
- Belangrik: Kies Diere skerm:
    - Dragtig filter: Opsie "Nee of Nie Ondersoek Nie" bygevoeg. Hierdie opsie sal vroulike diere lys wat nie-dragtig is óf nie ondersoek is nie en wat ouer is as die Minimum Ouderdom by Eerste Dekking opstelling
    - 'n Filter Laaste Dekkking Vanaf [datum] Tot [datum] is bygevoeg. Die doel daarmee is om slegs koeie/ooie wat in 'n sekere tydperk gedek is, te kan kies
- Belangrik: Kalwing/Lamming skerm > Vader (Dekking) > Verwagte Kalf/Lamdatum: Die moontlike kalf/lam *tydperk* (Kalwing/Lamming Vanaf datum en Kalwing/Lamming Tot datum) word nou vertoon. Dit word (soos altyd nog) gebaseer op die Minimum- en Maksimum Periode Dragtig opstellings by Opstellings > Kuddes > Dekkings, Dragtighede en Kalwings/Lammings. Dit sal dit makliker maak om die mees waarskynlike paring te kies waar daar meer as een paring op rekord is
- Belangrik: Gewigte, Mates en Punte nie aan 'n Toets gekoppel nie skerm: Die vorige gewig, vorige weegdatum, toename en GDT word nou vertoon op die skerm wanneer nuwe gewigte aangeteken word

- Om 'n dier te kies wat in die hoofvenster vertoon moet word, in plaas van op die dierelysknoppie te klik (pienk of blou blokkie links bo in die hoofvenster), kan jy nou op Ctrl+Z op die sleutelbord druk om die lys diere oop te maak. Die dier kan uit die lys gekies word, of die IDNr kan eenvoudig getik word
- Geboortes verslag: Die onktiewe diere filter is nou by verstek *aan*geskakel om te verseker dat die persentasie aborsies, doodgebore kalwers/lamming en diere dood kort na geboorte opsomming korrek is
- Pleegmoeder/Hanshokke:
    - Kan nou op die lamming/kalwing skerm aanteken word
    - Kan nou op die hoofskerm se Kudde Uitleg > Geboorte opkyk (by verstek afgeskakel)
- Hoofskerm se Kudde Uitleg:
    - Gewig Tipe kolom bygevoeg in die Gewigte afdeling. Dit is by verstek afgeskakel
    - Vertoon Opsies: 'n Opsie "Vertoon Alle Kolomme" is bygevoeg
    - Vertoon Opsies > Aktiveer My Kolomme > Stel My Kolomme op om te Vertoon: By Tipe Data is Siekte Toetse bygevoeg as `n opsie
- Verkope, Vrektes en Uitskotte verslag: Opsie om te sorteer op Verkoop Aan bygevoeg
- Veilingskatalogus verslag: By Stoor die Seleksie van Diere, kan nou Uitskot- en Verkoop Groepe kategorie kies
- Siektetoetse verslag: Opsie "Vertoon Werksblad" bygevoeg. Met hierdie opsie kan diere gesorteer, gefilter en aan groepe gekoppel word
- Weeglys: Opsie bygevoeg om lys in "landscape" formaat te druk
- Gewigte en Toenames verslag: Die Vertoon Werksblad is nou beskikbaar met al die opsies om gewigte in te sluit
- Aankope skerm en verslag: Koste per Dier bygevoeg (vir aantekening van bv. vervoerkoste)
- Bestuurskalender > Tipe Periode: Dae na Aankoms op Plaas (Aankoop) bygevoeg om byvoorbeeld te herhinner om inentings `n sekere aantal dae na aankoms op plaas/in voerkraal te doen
- Unistel DNA Diensaanvraagvorm:
    - Opgedateer met nuutste Unistel veranderings
    - Belangrik: Stuur Resultate aan Telersgenootskap [] Eienaar [] Kontak Persoon [] opsies bygevoeg op die skerm. Indien jy `n stoetteler is, merk Telersgenootskap blokkie om seker te maak dat die resultate na jou telersgenootskap en/of SA stamboek gestuur word
- Inentings, Doserings en Aanvullings verslag: Die opmerkings druk nou ook op die verslag

Beef en Sheep & Goats modules:

- Voerkraal Bestuurder: Kan nou spesifiseer van wanneer elke dier in die voerkraal ingekom het. Waar geen datum gekies is nie (verstek), word die voerkraal begin periode in berekeninge gebruik
- CSV formaat data intrek: Uitslag Persentasie en Karkas Klassifikasie bygevoeg

Beef module:

- Belangrik: Logix teelwaardes se name verander: Ouderdom eerste kalwing > Vers Vrugbaarheid; Tussenkalfperiode > Koei Vrugbaarheid; Vleisopbrengs > Rooivleis Produksie
- Belangrik: Logix Direk > Trek DNA Ouerskappe In: Geverifieerde ouers word nou automaties gemerk met die DNA-ikoon op die stamboom
- Belangrik: Data Stuur/Opneem > Logix Direk > Trek Teelwaardes In: Die Ras- en Kuddegemiddeldes word nou ook ingetrek saam met die diere se teelwaardes en verskyn op die hoofskerm se Dier Uitleg sodra die skerm verfris is
- Genomiese resultate:
    - Addisionele Myostatin gene waarvoor daar nou ook getoets word bygevoeg
    - Genomiese aantekenskerm, opkyk op hoofskerm en My Verslae is aangepas sodat kleur resultate aangeteken en vertoon word volgens die genomiese resultate soos deur Stamboek verskaf. Kies die kleur en verdunning opsies uit die kieslysteen en tik die gene kodes in
- Inteel Berekening vir Beplande Parings: Indien `n vroulike dier van `n vers- en bulkalf tweeling gekies word, sal `n waarskuwing gegee word dat die vers waarskynlik onvrugbaar ('n "Queen") is

- Nageslag Opsomming verslag > Stamboom gedeelte: Die inteelpersentasie word nou langs die dier se nommer vertoon
- Gewigte vir Prestasietoetsing skerm > Ultrasoniese Metings > MyLab OneVET bygevoeg tot die lys van skanderingstelsels
- Mates en Punte verslag: Die kondisiepunte vertoon nou met die desimale punt, bv. 3.5

Sheep & Goats module:

- Belangrik: Data Stuur/Opneem > Opneem > Stamboek/LNR > Teelwaardes asook Logix Direk > Trek Vleis/Wol Teelwaardes In: Die Ras- en Kuddegemiddeldes word nou ook ingetrek saam met die diere se teelwaardes
- Belangrik: Geboortes verslag:
    - Aantal en persentasie *lammers* gebore as enkeling, tweeling en drieling+ opsomming bygevoeg
    - Aantal en persentasie *ooie* wat enkeling, tweeling en drielinge+ gehad het opsomming bygevoeg
- Belangrik: Dekkings en Dragtighede verslag: # Fetusse / # Diere Dragtig: __._ % berekening bygevoeg onderaan die verslag
- Belangrik: Ooi Produktiwiteit Seleksie verslag:
    - By Kies Diere is 'n opsie bygevoeg waarmee slegs ooie gebore in 'n sekere lamseisoen of in 'n sekere groep/kamp gekies kan word
    - Die lamseisoen waarin die ooi *gebore* is word nou ook vertoon in die verslag
- Hoofskerm > Dier Uitleg > Woldata: Die laaste aangetekende Liggaamsgewig en Wolgewig waardes vertoon nou (soos op die Kudde Uitleg)
- Keuringslys - Vleisindekse: Logix-verwerkte indekse vertoon in vetdruk ("bold)" – soos op die Veilingskatalogus
- Sekere teelwaardes se name is verander om in lyn te kom met die nuwe benamings in Logix
- By die Afrikaner skaapras kan die sub-ras nou gekies word as Namaqua Afrikaner of Ronderib Afrikaner

Game module:

- Geen Game spesifieke byvoegings/veranderings nie.

Mobile toepassing ("app"):

- Belangrik: Die ouderdom van 'n dier kan nou vertoon word op enige aantekenskerm. Gaan na Edit Tasks, kies die betrokke taak, kliek + en kies View: Animal Age
- 'n Dier se pleegmoeder kan nou op View Animal > General opgekyk word.
- Beef module: Genomiese resultate kan nou opgekyk word
- Pleegmoeder kan nou op die Lamming skerm aangeteken word

Genetics module:

- Belangrik: Sinchronisasie skerm: 'n Opsie is bygevoeg waar gekies kan word of daar met teelwaardes of teelwaarde *indekse* gewerk moet word (Teelwaarde indekse word aanbeveel, indien beskikbaar)
- Belangrik: Paringslopies skerm:
    - Blokkeer Parings (Algemeen): Blokkering is bygevoeg vir Myostatin (dubbelbespiering) genomiese resultate. Kliek op die infoknoppie vir verduideliking
    - Resultate Grafiek: Indien teelwaarde *indekse* gekies met sinchronisasie, vertoon waardes as afwyking van rasgemiddeld
    - Funksies > Stuur Dekkings na Kuddebestuursprogram: Koppel Diere aan Groep funksie byvoeg
- Belangrik: Voorsiening is gemaak vir die addisionele teelwaardes wat nie voorheen beskikbaar was in die Genetics module nie
- Stel Teeldoelwitte Op skerm: Indien teelwaarde *indekse* gekies met sinchronisasie, word die beskrywings van teelwaardes nie vertoon nie

Opleidingskursusse

Ken jy en jou personeel die BenguFarm program goed genoeg om dit ten volle te benut vir dag-tot-dag bestuur, seleksie, teling en bemarking? Indien nie, oorweeg dit dan om een van die volgende BenguFarm opleidingskursusse by te woon of te laat bywoon deur jou personeel:

BEEF module:

- Inleidende kursus 12-13 Oktober 2021, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 14-15 Oktober 2021, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 26-27 Oktober 2021, Upington. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 28-29 Oktober 2021, Upington. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 9-10 November 2021, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 11-12 November 2021, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 23-24 November 2021, Howick. Aanbieding in Engels.
- Gevorderde kursus 25-26 November 2021, Howick. Aanbieding in Engels.

SHEEP & GOATS module:

- Inleidende kursus 12-13 Oktober 2021, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 14-15 Oktober 2021, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 26-27 Oktober 2021, Upington. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 28-29 Oktober 2021, Upington. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 9-10 November 2021, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 11-12 November 2021, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 23-24 November 2021, Howick. Aanbieding in Engels.
- Gevorderde kursus 25-26 November 2021, Howick. Aanbieding in Engels.

GAME module:

- Kontak asseblief vir Leslie Bergh by 082 801 2026 indien jy belang stel om 'n opleidingskursus by te woon.

Indien jy belang stel om een van hierdie kursusse self by te woon of van jou personeellede te stuur, kontak Mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of stuur ’n epos na bengufarm@gmail.com en dui aan in watter kursus jy belang stel. Hy sal dan vir jou die betrokke kursus se besprekingsvorm met die besonderhede van die kursus stuur. Die besprekingsvorms is ook beskikbaar by www.bengufarm.co.za > Training.

Nuwe handleidings

Die handleidings van die BEEF, SHEEP & GOATS, GAME en GENETICS modules asook die MOBILE toep is opgedateer om al die nuwe en verbeterde funksionaliteite en verslae in te sluit. Om die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm handleiding af te laai, gaan in BenguFarm op die hoofskerm na Hulp > Afrikaanse/Engelse Handleiding OF gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

Het jy geweet?

Die meeste, indien nie alle, BenguFarm gebruikers weet waarskylik teen hierdie tyd dat hoofskerm twee opsies, het, naamlik die Kudde Uitleg en die Dier Uitleg. Die Kudde Uitleg is ’n baie gewilde opsie**,** nie alleen om belangrike data van ’n groep diere in tabel formaat op te kyk nie, maar talle ander baie handige funksies. Lees gerus ondertaande en vergewis jouself van alles wat jy op die Kudde Uitleg kan doen – jy gaan verseker nie spyt wees nie.

- **Om te wissel tussen die twee opsies**, kliek aan die linkerkant van die skerm op Kudde Uitleg of Dier Uitleg.
- **Om die nuutste/opgedateerde data te sien**, kliek op Verfris Skerm.
- **Om data in kolomme volledig te vertoon**, kliek op Outo Wydte.

- **Om te kies watter data vertoon moet word**, kliek op Vertoon Opsies onderaan die skerm en kies die betrokke afdelings of velde.
    - **Om sekere data van diere te belig** "highlight" (bv. koeie met 'n gemiddelde tussenkalfperiode van meer as 400 dae) asook rangwaardes op te stel vir die gekose kriteria, kliek op die Stel Kuddeuitleg Verligting Op (ikoon met klein blokkies met verskillende kleure). Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
    - **Om kolomme te vertoon vir Inentings, Doserings & Aanvullings, Mates en Punte** (bv. kondisiepunt, algemene voorkoms punt), **Prosedures** (bv. kastreer, onthoring) **en/of addisionele Gewigte**, kliek op die Stel My Kolomme Op om te Vertoon (ikoon heel bo).
    - **Om die keuse van kolomme en verligting te stoor as die verstek opsies vir die betrokke kudde**, kliek op Stoor Opsies as Kudde Verstek onder die hofie Stoor/Laai Uitleg. Die gestoorde opsies sal outomaties gelaai word wanneer die kudde die volgende keer oopgemaak word.
    - **Om 'n uitleg te stoor vir hergebruik**, gee dit 'n naam by Stoor Uitleg As onder die hofie Stoor/Laai Uitleg en kliek op die Stoor ikoon.
    - **Om 'n gestoorde uitleg te laai**, kies by Laai Gestoorde Uitleg die betrokke uitleg en kliek op die Laai ikoon.
    - **Let wel:** Bestuursgroepe kolom: Indien 'n dier aan meer as een bestuursgroep gekoppel is, sal slegs een van die betrokke groepe vertoon word.
- **Om 'n verslag te skep van die data wat op Kudde Uitleg vertoon word**, kliek op Vertoon Verslag. **Let wel:** Alle kolomme en alle diere wat vertoon word, sal ingesluit word in die verslag. Om slegs sekere kolomme in te sluit in die verslag, kliek op Vertoon Opsies en kies slegs die benodigde kolomme. Om slegs sekere diere in te sluit in die verslag, kies die betrokke diere deur middel van die filters bo-aan die skerm.
- **Om 'n spesieke dier (of moeder of vader) se data in die Dier Uitleg hoofskerm uitleg te sien**, kliek op die betrokke dier se ID nommer. Om terug te gaan na die betrokke dier in die Kudde Uitleg, kliek op die Kudde Uitleg skakel.
- **Om rekords te groepeer**, kliek op die kolomopskrif en hou die muisknoppie in. Beweeg nou met die muis na die oop gedeelte aan die bokant van die verslag waar daar staan "Trek 'n kolomopskrif hiernatoe om volgens daardie kolom te sorteer" en los die muisknoppie. Die kolomnaam sal nou in hierdie oop gedeelte vertoon word. Om die groepering te verwyder, regs kliek op die kolomopskrif en kies "UnGroup".
- **Om rekords te sorteer**, kliek op die betrokke kolom se opskrif. Om in die omgekeerde volgorde te sorteer, kliek 'n tweede keer op die betrokke kolom se opskrif. Om volgens verskeie kolomme gelyktydig te sorteer, hou die SHIFT sleutel op die sleutelbord in en kliek op die betrokke kolomopskrifte.
- **Om rekords te filter**, kliek aan die regterkant van 'n kolomopskrif op die filter knoppie. 'n Lys met al die waardes wat in daardie kolom voorkom sal vertoon word. Om slegs rekords te vertoon wat 'n spesifieke waarde het, kliek op daardie waarde. Daar kan ook op "(Custom)" gekliek word. 'n Skerm sal oopmaak waar byvoorbeeld gekies kan word om om alle rekords te vertoon met 'n waarde groter as 'n sekere waarde. Let op dat meer as een kolom op 'n slag gefilter kan word. Om 'n spesifieke kolom se filter af te haal, kliek op "(All)" by die filter opsies van die betrokke kolom.
- **Om 'n kolom tydelik te skuif na 'n ander posisie in die tabel,** kliek op die betrokke kolom se opskrif en sleep ("drag") dit tot waar dit geplaas moet word en los ("drop") dit. Wanneer die betrokke skerm toegemaak en weer oopgemaak word, sal só 'n kolom weer op die oorspronklike plek vertoon word.
- **Om 'n kolom tydelik te verwyder vanaf die skerm,** kliek op die betrokke kolom se opskrif en sleep ("drag") dit weg totdat dit 'n groot kruis vertoon en los ("drop") dit. Wanneer die skerm of program toegemaak en weer oopgemaak word, sal só 'n kolom weer vertoon word.
- **Om sekere data van diere te belig** "highlight" (bv. koeie met 'n gemiddelde tussenkalfperiode van meer as 400 dae), kliek op Vertoon Opsies onderaan die skerm en kliek dan bo-aan die Vertoon Opsies skerm op Stel Kuddeuitleg Verligting Op (ikoon met klein blokkies met verskillende kleure).
- **Om sekere data** (bv. Natuurlike Dekkings, Kunsmatige Inseminasies, Verander Diere (Tabel Uitleg) of Verkope, Vrektes en Uitskotte) **aan te teken vir 'n groep diere**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kies die betrokke aantekenskerm uit die menu aan die bokant van die skerm of kliek die ooreenstemmende ikoon.

- **Om diere te koppel aan 'n groep**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kliek op Koppel Diere aan Groep.
- **Om diere in die My Verslae skerm te vertoon**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kliek op Vertoon in My Verslae.
- **Om die data te kopieër na jou "Clipboard"**, kliek op Kopieër na Clipboard.
- Vir stap-vir-stap hulp, gaan in die hoofmenu na **Hulp** > Hulp met Hoofskerm > Kudde Uitleg.

Wenk: Om die Kudde Uitleg (in plaas van die Dier Uitleg), **te kies as die verstek uitleg vir die hoofskerm**, gaan na Vertoon en kliek die Gebruik Kudde Uitleg as verstek Hoofskerm Uitleg opsie.

Wenke

Duplikaat diere:

- BenguFarm sal normaalweg nie toelaat dat duplikaat dierrekords (diere met dieselfde IDno) geskep word nie, maar wanneer 'n dierrekord eers met die hand geskep is óf ingetrek is deur middel van een of ander lêer en dan ook ingetrek word vanaf 'n ander lêer is dit in sekere omstandighede moontlik dat duplikaat rekords wel kan ontstaan. 'n Voorbeeld is wanneer data eers vanaf 'n ander sagteware pakket, soos Stoetmeester, ingetrek is in BenguFarm en daarna ook vanaf 'n Logix lêer ingetrek is. Vir diere wat in Stoetmeester nie rekenaarnommers gehad het nie óf waar die rekenaarnommer foutief was, sal duplikaat rekords dan geskep word.
- **Om diere met dieselfde visuele- of elektroniese ID (EID) nommer of rekenaarnommer te soek**, gaan na Lêer > Ondersteuning > Soek Duplikaat Diere. **Let wel**: Diere met duplikaat nommers word oor alle kuddes in die betrokke databasis gesoek.
- Indien daar diere in *dieselfde kudde* is met dieselfde ID nommer, kan dit lei tot verskeie probleme. Indien daar werklik twee diere is met dieselfde ID nommer (bv. een aangekoop en een self geteel), voeg 'n letter by agteraan die nommer om die diere se nommers uniek te maak , bv. 190022A.
- **Om 'n verslag te skep van duplikaat diere,** kliek op Vertoon Verslag.
- **Duplikaat dierrekords kan per hand regmaak word** deur eerstens vas te stel watter data (algemene dierdata, stamboomdata, nageslagdata, gewigte, ens.) verskil tussen die twee betrokke diere, tweedens dan een van die twee diere se data volledig te maak en dan derdens die ander dier te verwyder ("delete"). Dit is egter 'n lang en moeisame proses, veral as daar baie sulke duplikaat diere is. Daar is egter 'n administratiewe funksie in BenguFarm [Lêer > Ondersteuning > Administratiewe Funksies] wat hierdie samevoeging ("merge") proses programmaties doen. Om by die Administratiewe Funksies in te kom, benodig 'n wagwoord. Kontak jou BenguFarm agent vir hulp om deur middel van hierdie administratiewe funksie duplikaat dierrekords in BenguFarm saam te voeg en die ander rekord te verwyder.

Windows 7:

Let daarop dat Windows 7 nie meer deur Microsoft ondersteun word nie. As u nog steeds 'n PS / laptop op Windows 7 gebruik, raai ons u aan om na Windows 10 op te gradeer.

Indien jy oorweeg om 'n nuwe rekenaar te koop, gaan kyk gerus by www.bengufarm.co.za > Info > Computer Requirements watter spesifikasies aanbeveel word vir BenguFarm.

Kragtoevoer vir jou skootrekenaar:

Jou BenguFarm-databasis kan beskadig word indien 'n kragonderbreking gebeur terwyl jy in BenguFarm werk. Om hierdie rede raai ons jou aan om jou skootrekenaar, wanneer moontlik, vanaf die hoofkragtoevoer te laat werk om te verseker dat die battery van die skootrekenaar altyd vol gelaai is.

oooOOOooo